NWK koördinaat
Inligtingsblad vir NWK klante - No 27 - November 2009

Higiëne is nommer een op Opti Chicks se lys

As jy die eerste gesonde, goudgeel kuikens gesien het 'n dag nadat hulle by die Opti Chicks broeiery uitgebroei het, sal jy verstaan hoekom higiëne van kardinale belang by Opti Chicks, op die Boschpoort-plaas en by die broeiery, is.

Op die plaas

Die eerste kuikens vanaf Cobb SA is in Februarie vanjaar in die grootmaak-eenhede geplaas. 20 000 henne en 2 000 hane van 22 weke oud word elke vyf weke vanaf die grootmaak- na die lê-eenhede geplaas. Die henne begin op 24 weke lê en lê 42 weke lank, waarna hulle aan die informele sektor op ongeveer 66 weke ouderdom verkoop word. 'n Hen lê in dié tyd tussen 150 en 160 eiers.

Besoekers en personeel wat dié perseel binnegaan, moet voordat hulle by die hoofhek ingaan, stort en dan 'n oorpak en waterstewels aantrek. Voordat hulle by die grootmaak- of lê-eenhede ingaan, moet hulle weer stort en hulle kry dan 'n ander kleur oorpak en stewels. Die vier keer wat 'n besoeker of personeellid moet stort wanneer hy of sy die plaas inkom en verlaat, voorkom dat daar siektes tussen die eenhede versprei," het Jaco Viljoen (bestuurder: Opti Chicks) verduidelik.

'n Eiertrok van NWK Vervoer word gebruik om die eiers van die plaas na die broeiery te vervoer. In volproduksie sal daar ongeveer 100 000 eiers per dag, 7 dae 'n week geproduseer word. Die eerste eiers is Julie vanjaar na die broeiery vervoer en die eerste kuikens het op 1 Oktober hul verskyning gemaak.

Binne-in die broeiery

'n Mens besef met die intrapslag by die broeiery dat die bedryf net van die nuutste tegnologie gebruik maak. Al die Petersime broeimasjiene (broei- en kuikenkamers), wat vanuit België ingevoer is, se inligting word op 'n sentrale punt vanuit die kantoor beheer. Die eierkerntemperatuur, lugtemperatuur, humiditeit en koolstofdioksiedvlakke word deurlopend in die broeikamers gemonitor.

Vanaf dié kantoor stap jy na die storte, waar besoekers en personeel stort en 'n oorpak en waterstewels aantrek. Higiëne-maatreëls geld nie net vir die besoekers en personeel nie, maar die res van die gebou moet ook klinies skoon gehou word.

Gradering van eiers

Vir die eiers om uit te broei, is daar 'n proses waardeur dit moet gaan voordat dit in die broeikamers geplaas word.

Wanneer die eiers afgelaai word, word dit gegradeer en vanaf die plaas- na die broeierytrollies oorgeplaas. Die broei-eiers word in die eierkamers tussen 17˚C en 18˚C gestoor, voordat dit in die broeikamers geplaas word. Die uitskoteiers word aan die mark verkoop .

▸ 3

Een van die eerste kuikens wat by die Opti Chicks broeiery uitgebroei het. Die eiers word in die kuikenkamers in kratte gehou, totdat al die eiers uitgebroei het.

NWK
U tevredenheid is ons trots

Aandele-verhandeling

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Augustus tot 30 September verhandel:

NWK Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
8 395	R3,90
752 562	R4,00
5 000	R4,01
12 000	R4,02
21 082	R4,05
799 039	

NWK Beherend Beperk

Getal	*Prys per aandeel*
975 202	R3,00
41 687	R3,01
36 500	R3,02
6 600	R3,03
114 005	R3,05
10 200	R3,06
50 000	R3,20
50 000	R3,30
1 284 194	

Belangstellende aandelekopers en -verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1487/1159/1089/1160 skakel.



Graanpryse se effek sigbaar in interim-resultate

Dalende graanpryse het vanjaar druk op produsente se kontantvloei geplaas, hul oorlaatskuld laat styg en finansiering vir die nuwe seisoen beperk. Dit is van die gebeure wat tot gevolg gehad het dat NWK se inkomste – vir die ses maande tot 31 Augustus vanjaar – met 22,8% gedaal het teenoor dieselfde tydperk die vorige jaar .

"Die oes wat gelewer is, kon slegs tot 'n mate vergoed vir die impak van dalende graanpryse. Gegewe normale aanplantings word verwag dat NWK 'n beter resultaat vir die tweede helfte van die jaar sal lewer, aangesien aankope na die tweede termyn verskuif het in 'n poging om stygende koste te beperk," het Danie Marais (besturende direkteur: NWK) gesê.

Resultate

"Weens die swakker kontantvloeiposisie van produsente, is 'n groter voorsiening vir oninbare skulde gemaak. Waardeaanpassings is op voorrade soos kunsmis, staal en, in die geval van nywerhede, graanvoorraad gemaak," het Danie gesê. Dié abnormale aanpassing het die wins en kontantvloei van die NWK groep negatief beïnvloed:

- Wins voor inkomstebelasting het met 57,4% tot R51,96 miljoen gedaal.
- Kontantvloei is negatief beïnvloed as gevolg van uitstel wat gegee is aan produsente vir die betaling van produksielenings en die investering in Opti Chicks. Die broeiery sal volgende jaar in Mei in volle produksie wees en daarom eers van die tweede helfte van die jaar 'n wins begin genereer.

Die nywerhede behoort veral gedurende die tweede helfte van die jaar 'n groter bydrae tot NWK se wins te lewer omdat aanpassings ten opsigte van die waardedalings van voorraad gedurende die eerste helfte van die jaar gemaak is en omdat kommoditeitspryse nou gestabiliseer het.

Dividend verklaar

Die Direksie het op 5 November 2009 'n tussentydse dividend van 9 sent per aandeel goedgekeur. Die dividend is betaalbaar op of om en by 11 Desember 2009 en aandeelhouerrekenings sal daarmee gekrediteer word.

Die ongeouditeerde gekonsilideerde resultate vir die ses maande tot 31 Augustus is reeds aan aandeelhouers gepos. Dit is ook beskikbaar op NWK se webwerf: *www.nwk.co.za*

Nuutste toevoegings tot NWK Vervoer vloot

NWK Vervoer het in Oktober vanjaar opgraderings in hul vragmotorvloot gemaak, waaronder drie nuwe Nissan UD 460 voorspanvragmotors tot die vloot gevoeg is.

Die drie ou model Mercedes-Benz voorspanvragmotors gaan per tender verkoop word. "Die nuwe vragmotors word hoofsaaklik op Epko se olie- en graantrajekte gebruik. Een ouer model – Nissan UD 440 – is na Noordwes Voere oorgeplaas," het Anton Jacobs (bestuurder: Vervoer) gesê.

Die twee-as (22 ton) tenker by Noordwes Voere is met 'n drie-as (28 ton) tenker vervang. "Die opgradering van ons vragmotorvloot vorm deel van 'n vervangingsprogram," het Anton gesê.

Noordwes Voere se nuwe 28 ton tenker.

Die drie nuwe Nissan UD 460 voorspanvragmotors wat NWK Vervoer in ontvangs geneem het.

Higiëne is nommer een op Opti Chicks se lys

◂ *1* Goal Quality Foods, agter OK op Lichtenburg, verkoop tans die broeiery se uitskoteiers teen baie billike pryse.

Broeikamers

In die broeikamers word die eiers sowat 18 dae lank teen 37,5 °C gestoor, waarna dit na die kuikenkamers oorgeplaas word om uit te broei. Die nuutste tegnologie word ook in die broeikamers gebruik om te verseker dat soveel moontlik eiers uitbroei. 'n Meganiese arm kantel die eiers elke uur, sodat die embrio nie aan die dop vasgroei nie.

Binne dié masjiene is daar koperpype wat die masjien afkoel as koue water daardeur vloei. Die masjien word deur 'n elektriese element verhit. Soos die embrio's groter raak en meer hitte begin genereer, koel die pype die lugtemperatuur af om sodoende die eiers af te koel en die eierdoptemperatuur so konstant moontlik te hou. Die humiditeit in die masjien word ook beheer om 'n sekere persentasie vogverlies van die eiers te bewerkstellig sodat die eiers nie uitdroog nie." Op dag 18 word die eiers vanaf die eierlaaie na die eiermandjies in die kuikenkamers geplaas.

Weekbad en hoëdruklaaiwasser

Die eierlaaie word, nadat die eiers oorgeplaas is vanaf die eierlaaie na die eiermandjies, in 'n bad geweek, waarna dit deur 'n hoëdruklaaiwasser skoon gespuit word.

Kuikenkamers

Die temperatuur in die kuikenkamers is tussen 35 °C en 36 °C. Dit neem ongeveer drie dae vir die kuikens om in die kuikenkamers uit te broei. Al die kuikens broei binne 'n vensterperiode van 24 uur uit. Wanneer al die eiers uitgebroei is, word die kuikens na die kuikenprosesseringskamer oorgeplaas.

Macerator

Al die ou doppe en ander afval word in die *macerator* gegooi. Die kuikens wat aan die mark verkoop word, gaan dan deur 'n sproei-entkabinet waar hulle teen onder andere New Castle siekte ingeënt word.

Ongeveer 500 000 kuikens sal per week by die broeiery opgelaai word. NWK het 'n leweringsooreenkoms met Rainbow Chickens en die res sal aan diverse groeiers verkoop word.

NWK Vervoer se eiertrok wat die eiers van die plaas na die broeiery vervoer. Dié Opti Chicks handelsmerk gaan nog daarop aangebring word.

Die gradering van die eiers word gedoen voordat dit na die broeikamers oorgeplaas word.

Die trollies in die broeikamers bevat elk 4 800 eiers en 24 sulke trollies pas in die kamers.

Die OPTI CHICKS eierketting

Die eiers word vanaf die eierlaaie na die eiermandjies oorgeplaas.

Jaco Viljoen verduidelik hoe die hoëdruklaaiwasser, wat die eierlaaie skoonspuit, werk.

Die kratte met die kuikens binne die kuikenkamers.

***Die* macerator.**

Jaco seël die kuikenvragmotor wat die eerste kuikens kom oplaai het.

Hou jou oë gerig op Christus

Genade onverdiend – dit is wat NWK die afgelope jaar ontvang het. NWK toon die beste finansiële resultate in sy 100-jarige bestaan en 'n jaar waarin die meeste produsente 'n goeie produksiejaar beleef het.

Ongelukkig is daar ook diegene waarmee dit in sekere gebiede minder rooskleurig gegaan het.

NWK het hierdie jaar op spesiale dae op verskeie plekke erkenning gegee aan diegene wat, hoe gering ook al, bygedra het tot die groei en uitbouing van NWK soos ons dit vandag ken. 'n Pragtige koffietafelboek, wat meer sê oor die geskiedenis en prominente persone wat die afgelope eeu by NWK betrokke was, het die lig gesien. Dit is met groot dankbaarheid dat ons ook aan hulle hulde kon bring.

NWK se aandeelhouers, klante en verskaffers kon eweneens ook die vreugde smaak om met NWK geassosieer te wees. Sportdae, funksies en promosies aan klante was alles deel van NWK se eeufeesvieringe, sodat almal op een of ander wyse daarin kon deel.

Ek wil ook van hierdie geleentheid gebruik maak om my dank uit te spreek teenoor die Direksie, bestuur en personeel vir die harde werk wat verrig is vir NWK. 'n Hartlike woord van dank gaan ook uit na al die klante vir jul lojale ondersteuning.

Met die einde van die jaar in sig en waarskuwings van 'n moontlike droë jaar wat voorlê, is dit belangrik dat ons ons oë op Christus gerig sal hou. Ek vertrou dat u saam met u gesinne en geliefdes ook die vreugde van Christus se geboorte gedurende dié Kersgety sal ervaar.

Ek vertrou dat 2010 vir almal 'n jaar sal wees wat u met dankbaarheid en vertroue tegemoet sal gaan.

Groete



Heinrich Krüger (Voorsitter)

'n Tyd om te besin oor afgelope jaar

Kersfees bring 'n ander stemming, 'n ander ingesteldheid, 'n ander tyd... Kersfees is dié tyd om die boodskap van liefde, harmonie en vrede uit te dra.

Dit is ook 'n tyd om te reflekteer op dit wat verby is en ook die seën raak te sien wat NWK te beurt geval het. NWK het 100 jaar oud geword – 'n mylpaal in enige besigheid se bestaan. NWK was geseën met wonderlike finansiële resultate, die suksesvolle omskakeling van NWK se handelswinkels na LandMark-winkels asook die eerste kuikens wat by Opti Chicks vanjaar die lig gesien het, is nog tekens van God se seën op ons maatskappy.

Die Kersseisoen is ook 'n tyd om te besin oor môre…Die nuwe jaar gaan wel sy uitdagings hê. Sommige daarvan weet ons reeds, maar daar gaan ook geleenthede wees wat ons moet raaksien en aangryp.

Tog kan ons, individueel en/of kollektief nie uit eie krag hierdie uitdagings of geleenthede aanpak nie. Daarom…"al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde meer wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee meer in die kampe wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos die van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop."

Dit is my wens dat elke aandeelhouer, klant, direksielid, personeellid en elkeen wat op een of ander wyse by NWK betrokke is, 'n Kersfees vol van liefde, harmonie en vrede sal beleef!

'n Geseënde Kersfees aan almal en mag hierdie gevoel van vrede oorspoel na die nuwe jaar.

Groete

Danie Marais (Besturende Direkteur)

’n Omsettings-opsiepolis: jou spaarvarkie

“Dit is algemeen bekend dat Suid-Afrikaners te min spaar,” het Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) gesê. Hy wys egter daarop dat lewensversekering, in enige vorm, ook ‘n manier van spaar is.

NWK se kredietverleningsvoorwaardes bepaal dat alle skulde van ‘n debiteur verseker moet wees en verpligte Kredietlewensversekering (KLV) is van toepassing.

“Hierdie KLV is egter onderhewig aan sekere voorwaardes,” het Willie gesê. Hieronder tel ‘n perk van R2 miljoen asook ouderdomslimiete. Namate die debiteur ouer word, word die KLV ook duurder, aangesien die premie gekoppel is aan ouderdomsintervalle.

Willie moedig gevolglik die debiteure van NWK aan om gebruik te maak van die opsie om sy KLV na ‘n lewenspolis om te skakel, soos beding met Landbou-makelaars en onderskryf deur Liberty Lewens.

So ‘n polis het die voordeel dat dit nie beperk is tot die limiet van R2 miljoen nie, asook dat die premie vir tien jaar gewaarborg word. Dit het meestal ook ‘n totale premiebesparing vir die debiteur tot gevolg.

“Verder weet ons almal dat lewensversekeringspremies baie goedkoop vir die jonger geslag is,” het Willie gesê. Hy raai dus alle debiteure/produsente aan om dadelik te begin “spaar” deur van hierdie opsie gebruik te maak.

Kontak jou NWK Versekeringsmakelaar om ook in hierdie welvaartskeppingsmodel te deel.

Is jou voertuig padwaardig?

Die padwaardigheid van jou voertuie kan ‘n rol speel met ‘n eis. Versien jou voertuie gereeld – ook die bande. Bande met ‘n loopvlak wat nie aan die minimum vereiste voldoen nie, kan bydra tot ‘n ongeluk en daartoe lei dat ‘n eis afgewys word.

Versekeringsmakelaars blink uit in landswye kompetisie

Santam Landbou het NWK Versekeringsmakelaars op 27 Augustus vanjaar, tydens ‘n spoggeleentheid op Bela Bela, as een van hul top vyf Oesversekeringsmakelaars in die land aangewys.

“Dit is voorwaar ‘n merkwaardige prestasie om op trots te wees as die ander kandidate soos FNB, Afgri en Univision (Senwes) in ag geneem word,” het Daan Hugo (bestuurder: Versekering en Motors) gesê.

Daan het die trofee namens NWK Versekeringsmakelaars in ontvangs geneem. By dieselfde geleentheid is Nols van Rensburg, makelaar op Coligny, ook aangewys as die toppresteerder in sy streek, wat die hele Noordwes Provinsie insluit.

Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) het tydens Agricola se Prestige Prysuitdelingsfunksie op 4 September vanjaar namens NWK Versekeringsmakelaars ‘n sertifikaat vanaf Agricola in ontvangs geneem as die beste makelaar in die Noordwes Provinsie. Willie sê dit herbevestig net weer eens hul leuse van: “Ons kundigheid is jou versekering”.

‘n Handvol pryse. Van links is Willie Louw, Nols van Rensburg en Daan Hugo.

Plaasbestuurders win nuttige inligting in

NWK Omnia het op 9 September vanjaar ‘n opleidingsdag vir plaasbestuurders en jongboere op Rietgat gehou.

Die program is deur ‘n span landboukundiges van NWK Omnia gelei en het onderwerpe soos tipes kunsmis, grondontleding, interpretasie, bekalkings, N:P:K berekenings, hantering en opberging van kunsmis, toediening van kunsmis, faktore wat grondpotensiaal beïnvloed en presisieboerdery ingesluit.

Die dag is deur ongeveer 30 produsente bygewoon. Indien daar ‘n verdere behoefte vir sulke tipe opleidingsdae is, skakel jou naaste NWK Omnia-agent of landboukundige.

Van die produsente tydens ‘n praktiese grondontledingsessie by die NWK Omnia opleidingsdag.

Produsente baie trots op nuwe winkel

Die inwoners van Mareetsane se entoesiasme en trots vir hul gemeenskap is reeds legendaries en so het hulle hulself dit weer eens bewys toe dit by die nuwe spog NWK LandMark-winkel kom.

Produsente in die Mareetsane-omgewing het 9 September met groot vreugde by dié winkel opgedaag. "Die gemeenskap is werklik beïndruk met die omskakeling van die winkel na 'n NWK LandMark-winkel," het Jaco Havenga (bestuurder: NWK LandMark-winkel, Mareetsane) gesê. Dié winkel is die 14de NWK LandMark-winkel wat geopen is. Al sewentien NWK LandMark-winkels sal teen einde November voltooi wees.

'n Splinternuwe voorkoms is ook vir die winkel op Mareetsane gegee.

Die winkel op Mareetsane van buite gesien.

"Loerbroer" beveilig jou motor

Die nuwe generasie voertuigsekuriteitstelsels het 'n afname in voertuigdiefstalle tot gevolg. Dit veroorsaak egter dat misdadigers hulle tot ander wyses moet wend en is voertuigkapings nou aan die orde van die dag.

Voertuigopspoorstelsels, wat onder andere van satelliettegnologie gebruik maak, is net die antwoord om jou voertuig te beveilig," het Willie Louw (assistentbestuurder: Versekering) gesê.

NWK Versekeringsmakelaars in samewerking met verskeie Versekeraars, het tot voordeel van hul versekerdes, ooreenkomste met die twee grootste voertuigopspoorstelselmaatskappye, Altech Netstar en Tracker, aangegaan.

Willie sê hierdie ooreenkomste hou sekere voordele in vir versekerdes wat laer tariewe by die opspoormaatskappye asook premiekortings by sommige versekeraars, en selfs die kwytskelding van bybetalings met 'n diefstal- of kapingseis, insluit.

Verder wys hy ook daarop dat Versekeraars al hoe meer voorskriftelik word rakende die installering van voertuigopspoorstelsels in hoëwaarde voertuie asook in sommige hoërisiko ekonomiese voertuie soos die Volkswagen Citi-reeks.

Kontak vandag nog jou NWK Versekeringsmakelaar om ook te deel in hierdie voordele en vir groter gemoedsrus.

Wen GROOT dié Kersseisoen

Kersfees is om die draai en wat is dan nou lekkerder as 'n vakansie weg of 'n buitelewe produk as 'n geskenk in jou Kerskous. NWK bied 'n paar opwindende Kerspromosies tussen November en Desember vanjaar by al ons LandMark-winkels aan.

Koop een van die volgende produkte en staan 'n kans om groot pryse los te slaan:

- 'n Minimum van 10 sakke KK Animal Nutrition dierevoedingsprodukte.
  Wen: Verblyf vir drie nagte vir twee persone in Zambië.
- 210 liter of meer Engen olie. **Wen:** 'n Drie dae reis vir twee persone na die Victoria Watervalle.
- Enige Bushtec produk. **Wen:** 'n Canvas tent.

Staan ook 'n kans om een van die volgende produkte vir jou plaas te wen:

- 'n Swaardiens beessleepwa, indien jy 20 liter Drastic Deadline koop.
- Een van vier Taltec Beesnekklampe, indien jy sekere Virbac produkte koop.

Vir meer besonderhede oor bogenoemde kompetisies besoek jou naaste NWK LandMark-winkel.

Ken jou winkelbestuurder

- 5 feite oor Assie van Aswegen

Assie van Aswegen

1. Assie van Aswegen is in Oos-Londen gebore, waar hy skool gegaan en gematrikuleer het. Na skool het hy met sy weermagopleiding by die Pantserskool op Tempe begin. Hier het hy vir 19 jaar gebly.
2. In 2000 begin hy sy loopbaan by NWK. Hy is toe as bestuurder: Madibogo handelswinkel aangestel. In September 2001 is hy bevorder na Delareyville se handelswinkel en sedertdien werk hy as bestuurder by dié winkel.
3. Assie meen sy winkel is klantevriendelik en dit het 'n aangename atmosfeer om inkopies te doen. Hy hou daarvan om te sien dat klante met sy winkel tevrede en gelukkig is.
4. Volgens hom is empatie een van die eienskappe wat 'n suksesvolle winkelbestuurder moet hê. Verder sê hy dat die bestuurder goeie besluite moet kan neem en konsekwent daarin moet wees – "nie soos die rugbyskeidsregters nie".
5. Assie is 'n familiemens en spandeer graag tyd saam met sy gesin.

Toevlugsarea: doen jy dit reg?

Dit gebeur nog daagliks dat saaiboere Bt-saad aankoop om te plant en dan is hulle nie bewus van die wetgewing en lisensievoorwaardes wat die GMO-wet betref nie. NWK Saadafdeling gee raad:

Die GMO-wet, Wet 15 van 1997; die Plantverbeteringswet, Wet 53 van 1976; asook die Wet op Planttelersregte, Wet 15 van 1976 beheer ook Roundup Ready®- en YieldGard®-mielies. Dit is gevolglik 'n oortreding van die wet om:

- Roundup Ready®- en/of YieldGard®-mielies, te plant sonder 'n wettige, getekende tegnologie-ooreenkoms met die pantentreghouer, Monsanto.
- Nie kennis te neem van die lisensievoorwaardes en dit stiptelik na te kom nie (Neem ook kennis van die strafklousules in die tegnologie-ooreenkoms wat jy teken, indien die lisensievoorwaardes verbreek word).

Mielies met die Bt-geen, bekend as YieldGard®-mielies bied natuurlike beskerming teen stronkboorders. Om die voordele wat biotegnologie vir produsente inhou, volhoubaar te benut, is dit nodig dat produsente die voorgeskrewe weerstandbestuursprogramme – insekweerstand en spesifiek stamboorderweerstand – navolg.

Om dit te bewerkstellig, is dit noodsaaklik om toevlugsareas reg te plant, soos dit deur die wetgewing vereis word.

Vereistes vir die korrekte toevlugsarea word kortliks uiteengesit:

1. Die toevlugsarea bestaan uit 'n gebied wat met mielies beplant word, wat nie die YieldGard®-geentegnolgie bevat nie. Die toevlugsarea moet duidelik gemerk wees.
2. Daar is twee opsies wat gevolg kan word:
   - 80% YieldGard®-mielies met 'n 20% toevlugsarea, waar chemiese stamboorderbeheer in die toevulgsarea mag plaasvind met produkte wat onverwant is aan Bt.
   - 95% YieldGard®-mielies met 'n 5% toevlugsarea, waar geen chemiese stamboorderbeheer in die toevlugsarea mag plaasvind nie.
3. Geen YieldGard®-mielie mag verder as 400 m van die toevlugsarea wees nie.
4. Die toevlugsarea en die YieldGard®-mielies mag nie meer as sewe dae uitmekaar geplant word nie.
5. Die toevlugsarea-mielies en die YieldGard®-mielies moet ook van basters met dieselfde groeiseisoenlengte wees.
6. Die toevlugsarea moet minstens ses rye wees en kan op die kant van die land en as stroke deur die land aangeplant word, afhangend van die wydte van die land.
7. 'n Buurman se lande kwalifiseer nie as 'n wettige toevlugsgebied nie.
8. Die vermenging van YieldGard®-saad met nie-YieldGard®-saad is nie 'n aanvaarbare praktyk vir die daarstelling van 'n toevlugsgebied nie.
9. Toevlugsgebiede moet op dieselfde plaas en onder dieselfde groeitoestande as YieldGard®-mielies geplant word.
10. Indien die YieldGard®-mielies onder besproeiing geplant word, moet die toevlugsgebied ook onder besproeiing geplant word.
11. Monitor en verken jou landerye gereeld. Indien meer as 10% plante blaarskade toon (haelgeweersimptome), skakel dadelik die saadverteenwoordiger.

Kontak die Saadafdeling by (018) 632-3023 vir 'n volledige brosjure en uiteensettings.

NUTTIGE WENK: Maak kunsmistenks skoon

Produsente moet onthou om die opgaartenks op hul plase skoon te maak, voordat topbemesting in dit gestoor word. Indien dit nie gedoen word nie, kan kristalvorming of kontaminasie voorkom.

Saad te kies en te keur

NWK Saad bied 'n verskeidenheid van gewasse en kultivars teen mededingende pryse vir klante aan. Die volgende soorte is tans beskikbaar:

Akkerbone (Plantdatum: November - Januarie)
Bech Wit en Glenda.

Voersorghums (Plantdatum: Oktober - Januarie)
Kow Kandy, Sentop, Superdan, Silk, Jumbo, Sugargraze, Nutrifeed, Speedfeed, Sweetfeed, Multicut, Pannar kultivars, Supergrazer, Babala.

Suikerbone (Plantdatum: Desember - Januarie)
Kranskop, OPS RS1/RS4, PAN 128, DBS 310.

Grasse
Bloubuffel
Witbuffel Gatton + PUK 8
Borseltjie
Smutsvinger Irene + Tip Top
Kikuyu
Rhodes
Oulandgras Ermelo + PUK 436
Tef SA bruin rooiberg

Droëbone
Teebus
Pan 185
Teebus RR1

'n Volledige reeks voëlkos, duiwekos en hoenderkos is beskikbaar – ook in kleiner verpakkings.

"Produsente moet daarop let dat die lysprys van mielie-, sonneblom- en koringsaad van al die maatskappye net so deur NWK gebruik word indien ons u finansiering doen. **'n Addisionele 7,5% word nie deur NWK gehef nie,"** het Dewald Steyn (bestuurder: Vloeibare Kunsmis en Saad) gesê.

Skakel Elmarie Jacobs of Lodewyk de Beer by (018) 632-3014 of (018) 632-3028 vir meer inligting.

So maak mens dié tyd van die jaar

Akkerbou

Die begin van die nuwe seisoen lê voor die deur. Kunsmis, saad en diesel moes nou al in die stoor gewees het. Trekkers en implemente moet ook al in plek wees.

Enkele sake wat aandag moet geniet net voor die aanvang van die graanseisoen, is:

- Sorg dat jou lande ten alle tye skoon gehou word van onkruid en opslag. Nie net gaan grondvog verlore deur ongewenste plante op die lande te los nie, maar dit dien ook as gasheer vir sommige peste en plae.
- Maak seker dat die kalibrasie van planters en spuitapparate afgehandel is en dit gereed is vir wanneer die plantery begin. Die plant- en spuitproses kan erg ontwrig word as bogenoemde eers uitgesorteer word wanneer daar met die aksies begin word.

Veekunde

- Die dekseisoen is om die draai. Maak seker dat die koeie se kondisie reg is voor die bulle by die koeie gesit word. Indien dit nie die geval is nie, gee Pro 20 *ad lib*, 'n produksielek van Noordwes Voere, vir die volgende vyf tot ses weke. Die inname behoort sowat 1,2 tot 1,3 kg/koei/dag te wees.
- Maak seker die bulle is gesond voor hulle by die koeie gesit word.
- Indien BVD- en BM-inentings nog gedoen moet word, moet dit dadelik geskied sodat daar ten minste vier weke verloop tussen die enting en die aanvang van die dekseisoen.
- Moenie die beeste te veel ontwrig nie – hulle moet nou met rus gelaat word.

Weidings

- Maak seker die weiding, waar die koeie tydens die dekseisoen gaan loop, is bemes en het voldoende uitgeloop.
- Maak 'n keuse oor watter kampe 'n volle groeiseisoensrus gaan ontvang en beplan die res van die kampe se weidingsvolgorde.
- Handel die bemestingsprogram van die weiding vir die vroeë somer af.

Bepaling van hektolitermassa van koring

Meulenaars het tydens die invoer van koring gevind dat die hektolitermassa van koring in Suid-Afrika laer toets as in ander lande. Jaco Botha (bestuurder: Graandienste) vertel meer:

'n Wetenskaplike ondersoek is uitgevoer om hierdie waarnemings te bevestig. Die navorsing is deur die Departement Voedselwetenskappe by die Universiteit van Stellenbosch uitgevoer en die aanvanklike waarnemings is bevestig.

Die Koringstandaarde Kwaliteitskomitee het besluit om die koringgraderingsregulasies volgens hierdie bevindinge te wysig. Gedurende die 2009/2010-seisoen sal 2 kg per hektoliter by die hektolitermassa, soos bepaal deur die tweevlaktregter-metode, getel word. Indien outomatiese toerusting wat volgens die tweevlaktregter-metode gekalibreer is, gebruik word, sal daar ook 2 kg by die antwoord getel word. Hierdie maatreël geld net vir die 2009/2010-seisoen en word so gedoen om die koringbedryf geleentheid te gee om hul tweevlaktregters met meer moderne toerusting te vervang.

Vanaf die 2010/2011-seisoen sal die hektolitermassa van koring volgens die ISO 7971-3 spesifikasie gedoen moet word. Hierdie spesifikasie sal ook na ander gewasse, waar hektolitermassa 'n graderingsfaktor is (byvoorbeeld voergars en hawer), uitgebrei word.

Wat beteken dié verandering vir die Suid-Afrikaanse koringprodusent?

Produsente se koring behoort beter grade as in die verlede te behaal, gegewe bepaalde produksietoestande. Koring kan in sekere gevalle selfs twee grade beter gegradeer word. Indien die hektolitermassa 75 kg toets en 2 kg word bygetel, verander dit na 77 kg wat 'n verandering van B3 na B1 impliseer, indien die proteïeninhoud 12% of meer is.

Verslapping van dié graderingstandaarde is verseker goeie nuus, omdat die koringprodusent tans onder druk is.

Opknapping by vloeibare kunsmisfabriek

Deur die jare het van die bewapende betonmure by die Vloeibare Kunsmisfabriek in so 'n mate verweer dat van die beton afgeskilfer het en die bewapeningstaal ontbloot is.

Die mure is deur 'n kontrakteur onder toesig van Ingenieursdienste herstel. Die prosedure wat gevolg is, het die volgende behels:

- Alle geaffekteerde areas is skoongemaak deur die los beton te verwyder.
- Die beton rondom die bewapeningstaal is met beitels weggekap (Sien foto).
- Verweerde bewapeningstaal is verwyder en met nuwe staal vervang.
- 'n Spesiale epoksiehars is op die beton en bewapeningstaal geverf (Sien op regterkant van foto).
- Laastens is 'n silika-/sement-/watermengsel as mortel aangepleister om die proses te voltooi.

Top ontwikkelende produsente vereer

Ontwikkelende produsente van regoor Suid-Afrika het op 29 September vanjaar op NAMPO Park erkenning gekry vir die produksiemylpaal, van 250 ton of meer, wat hulle bereik het.

Voorwaar iets om op trots te wees. Moss Malo, wat in die NWK bedieningsgebied boer, is 'n lid van die 1 000 ton-klub.

Produsente in die NWK bedieningsgebied wat sertifikate ontvang het in die 250 ton-kategorie, is Mogatusi Motswenyane, James Mokoto en Ramoso Pholo. Moss Malo en Thando Lolwane het sertifikate in die 1 000 ton-kategorie ontvang.

"Die pad na kommersiële graanproduksie is nie maklik nie en het geen kortpaaie nie. Om te boer is 'n uitdaging en die winsmarge is klein," het Jane McPherson (programbestuurder: Ontwikkelende Landbou, Graan SA) gesê. Dié produsente word ondersteun deur die personeel van Graan SA se Ontwikkelende Landbouprogram asook ander rolspelers in die bedryf – banke, landboubesighede, insetverskaffers, beamptes van die verskillende departemente van landbou en ander kommersiële produsente.

Verlede jaar is die 250 ton-klub gestig om erkenning te gee aan diegene wat reeds meer as 250 ton graan per jaar produseer. Baie van dié produsente sal nie meer lank deel wees van dié klub nie, aangesien hulle beduidende vordering toon en baie naby is aan "kommersiële" status. Die lede van die 250 ton-klub neem elke jaar toe. Op die oomblik is daar sewe 1 000 ton lede, dertien 500 ton lede en een-en-twintig 250 ton lede.

Gee jou mening

As jy enige wenke en/of kommentaar het rakende dié NWK Koördinaat nuusblad stuur 'n e-pos na wenke@nwk.co.za.

Koringtariewe vir dié seisoen

Die koringtariewe vir die komende seisoen is soos volg:

Hantering:	R41,00/ton
Dagtarief:	54c/ton/dag
Plafonbedrag:	R60,00/ton

Vir meer inligting oor bogenoemde tariewe of ander verwante sake, skakel Willie de Beer (bestuurder: Graanhantering en Opberging) by (018) 633-1011 of Petrus Boshoff (bestuurder: Graanbeplanning en Administrasie) by (018) 633-1079.

'n Pluimpie vir Martiens en NWK

Martiens du Plessis (grondkundige: Landboubestuursdienste, NWK) is 9 Oktober tydens Graan SA se Graanprodusent van die Jaar toekenningsfunksie in Midrand as Graan SA se Graanwetenskaplike van 2009 aangewys.

Martiens du Plessis (regs) is tydens 'n spoggeleentheid as Graan SA se Graanwetenskaplike van 2009 aangewys. Saam met hom op die foto is Arno van Vuuren, een van sy kollegas by NWK.

"Dit is 'n ongelooflike groot voorreg om die toekenning te kon ontvang en dit is ook 'n voorreg om in so 'n edel beroep die samelewing te dien," het Martiens tydens sy toespraak dié aand gesê.

NWK is baie trots op hom. "Jy verdien dié toekenning. Baie geluk met die uitstekende prestasie," het Arno van Vuuren (bestuurder: Landboubestuursdienste) hom gelukgewens.

Hy het tydens sy toespraak drie mense bedank: "Ek het die meeste van my grondkunde-vakke by Prof Allen Bennie (Universiteit van die Vrystaat) gekry. Hy het my die liefde vir grondkunde geleer en hy is ook my rolmodel as vakkundige.

"Dr Pieter le Roux (senior lektor in grondkunde: Universiteit van die Vrystaat) en Arno van Vuuren (bestuurder: Landboubestuursdienste), my kollega vir 23 jaar, het ook 'n groot rol gespeel om my as grondkundige te vorm."

Sy pos behels onder andere plaasopmetings, grondkartering, grondverdigtingstoetse en verkenningsopnames van 'n plaas se hulpbronne om die terugbetaalvermoë van die plaas te bereken.

Studiegroep in hul skik met Nywerhede

Die studiegroep van Delareyville het NWK Nywerhede op 22 September vanjaar besoek. Die doel van die besoek was om die doen en late van die Nywerhede van nader te bekyk. Die program vir die dag het bestaan uit 'n besoek aan Opti Chicks se broeiery, wat baie reaksie en belangstelling onder die besoekers uitgelok het. Hulle het ook by Epko, Noordwes Voere en die Vloeibare Kunsmisaanleg gaan inloer. Almal was dit eens dat NWK trots kan wees op hul Nywerhede, wat beslis waarde toevoeg tot die landbou en meer spesifiek in die Noordwes Provinsie.

Dié hondekos enig in sy soort

Noordfed Diverse Produkte (NDP), 'n filiaal van NWK, vervaardig 'n wye reeks hondekosprodukte en verskaf dit aan Shoprite, Spar en privaat instansies.

Een van dié produkte wat hulle vervaardig, is Allgro True Dog. "Wat dié produk so besonders maak is dat rooibostee, wat hoog in anti-oksidante is, tydens die vervaardigingsproses by die produk gevoeg word," het Tonie Schnuir (bestuurder: NDP) gesê.

"Elke produk wat hier vervaardig word, is uniek en word geformuleer deur Noordfed se Voedingskundige."

Tonie Schnuir

Tonie sê verder dat hoe hoër die proteïeninhoud (20% of hoër) is, hoe minder sal jou hond inneem. Dit is wat die Superior-reeks so 'n puik produk maak asook die feit dat die reeks die enigste van sy soort is wat L-Carnitine bevat – dit sit vetsure om in energie en help om jou hond in topkondisie te hou.

'n Mengsel wat volstruisvet, kookolie en beesvet bevat, word op hul hoëklas produkte gespuit. Buiten plaaslike grondstowwe wat gebruik word, word grondstowwe ook van Argentinië en Spanje ingevoer. 31 verskillende grondstowwe word in die vervaardigingsproses gebruik.

NDP se eie hondekosprodukte:

- Brakanjan Original – 8 kg; 25 kg; 50 kg
- Brakanjan Advance – 10kg; 20kg
- Superior Adult – 8kg; 20kg
- Superior Small Adult – 4kg; 8kg
- Superior Professional – 8kg; 20kg
- Superior Puppy – 1,75 kg; 4 kg
- Highlands – 8 kg
- Budget Beater – 8kg

Produkte wat NDP vir winkels en privaat instansies vervaardig:

- Shoprite (Square Meal en Top Notch)
- Spar (Vito)
- Allgro True Dog
- Privaat klante (Woema, Complete en Paws)

Skakel Tonie Schnuir by (018) 632-1149 vir meer inligting oor bogenoemde produkte.

'n "Moo-se" lekker dag

Noordwes Voere het op 15 Oktober vanjaar die produsente behoorlik op die punte van hul stoele gehad met 'n Prestige Suiweldag propvol nuttige inligting en pret.

Pierré Lombard (algemene bestuurder: Noordwes Voere) het tydens sy verwelkoming gesê dat die moeilike deel van 'n suiwelprodusent is "om die produkte op die mark te 'trou' met die produkte op sy of haar plaas. Daarom het ons 'n verkoopspan by Noordwes Voere wat 'n passie vir herkouer- en suiwelvoeding het om sodoende die mees koste-effektiewe oplossing vir julle te bring."

Nigel Lok, 'n produsent van Tsitsikamma, het 'n lesing gegee oor voeding en bestuur van laat laktasie en droë diere. Dr Luis Schwalbach (Universiteit van die Vrystaat) het gesels oor kudde-vrugbaarheid en die metodes om IKP te verkort. Praktiese wenke vir 'n melkprodusent se plaas is deur Colleen Engelbrecht (Spesfeed konsultant) gegee.

Produsente van sover as Botswana het dié dag bygewoon. Hier is Ansie en Jan Oosthuizen van Lobatse in Botswana.

Die Noordwes Voere span wat produsente van regoor die land by die suiweldag by Rio Casino in Klerksdorp verwelkom het.

Zelda Champion (Mareetsane) en Johan Marais (Carletonville) lig hul mening oor droë koeie tydens 'n groepbespreking dié dag.

Watertenk help in tye van geen water

Die watervoorsiening vir Epko, Noordwes Voere en Vloeibare Kunsmis was einde Augustus vanjaar baie gebrekkig gewees.

Gelukkig het NWK 'n alternatiewe plan vroeër vanjaar in plek gehad deur 'n wateropgaartenk op te rig, omdat bogenoemde bedrywe water in meeste van hulle prosesse gebruik. "Die tenk is opgerig om 'n krisis te vermy wanneer daar nie watervoorsienning soos onlangs was nie. Water word dan vanaf die tenk aan die aanlegte voorsien," het FP Dafel (prosesingenieur: Epko) gesê.

Die watertenk bied definitief 'n oplossing vir Epko, Noordwes Voere en Vloeibare Kunsmis.

Gedenkboek gee terugblik oor 100 landboujare

Soos wat 'n mens die NWK 100-jaargedenkboek, *'n Pionier in die ontwikkeling van die landboubedryf*, lees, woel daar 'n trotse gevoel binne jou – veral as jy en/of jou ouers 'n pad met dié maatskappy gestap het en steeds doen.

Dié gedenkpublikasie is ter herdenking van NWK se eenhonderdste bestaansjaar uitgegee.

Die doel van die boek is om NWK se bydrae tot die ontwikkeling van die landboubedryf uit te beeld. Die boek slaag hierin aangesien dit in dekades opgedeel is met foto's en interessante aanhalings tussenin. "Die publikasie handhaaf 'n goeie balans tussen kopie, grafika en foto's," het Jan Grobbelaar (direkteur: Graan), 'n redaksielid van dié publikasie, gesê.

Hoofstuk een skop af met die imposante begin van dié landboubesigheid. Alhoewel die eerste dekade sy struwelinge en hindernisse gehad het, was daar mense wat in dié tyd voortou geneem het en volhard het om die maatskappy te kry waar hy vandag is. Die eerste dekade handel grotendeels oor die stigterslede, waaronder die legendariese Koos de la Rey.

In Hoofstuk twee lees jy meer oor die jare wat die Koöperasie finansiële probleme ondervind het en hoe hulle hul sente moes omdraai. In dekade drie is daar 'n ommeswaai in die Koöperasie en 'n tydperk van groei begin.

Produsente en landbou-organisasies beleef 'n meganisasie-ontploffing in die vierde dekade en in hoofstuk vyf gaan die Koöperasie in geheel 'n bloeitydperk in. Aan die einde van die eerste vyftig jaar was meeste van die werk wat deur personeel hanteer is, reeds gemeganiseer en minder arbeidsintensief.

In die sestigerjare het 'n era van konsolidering en uitbreiding van die huidige besigheid begin. Alhoewel die sewentigerjare gekenmerk was deur moeilike ekonomiese landboutoestande, speel die Koöperasie 'n al hoe groter rol in die breë landbou-omgewing. Die Koöperasie het steeds in dié tydperk positiewe resultate getoon en voortgegaan om uitbreidings te doen.

In 1984 vier die Koöperasie nie net sy 75ste bestaansjaar nie, maar sit ook sy baanbrekerswerk op ander terreine voort soos Noordwes Voere, 'n filiaal van NWK, wat op 4 Mei dié jaar geopen is. Hulle brei ook onder andere hul belange in die maalbedryf uit.

In dekade nege, getiteld "Noordwes Koöperasie se strukture verander om by 'n veranderende omgewing aan te pas", word die omskakeling na 'n maatskappy onder andere bespreek. Die laaste hoofstuk fokus op die laaste nege jaar se "waardetoevoeging-inisiatiewe", soos die vestiging van Opti Chicks en die oorskakeling van handelswinkels na die Land-Mark-konsep.

Die tiende dekade was 'n tydperk van buitengewone groei en ontwikkeling vir NWK en sy aandeelhouers, terwyl die laaste hoofstuk van dié boek 'n toekomsblik gee oor hoe die pad vorentoe lyk en hoekom die Direksie en Bestuur beplan om voort te bou op die suksesse wat die afgelope 100 jaar behaal is.

Hierdie koffietafelboek neem 'n arendsblik oor NWK se pioniersjare en knoop die sakkie na 100 jaar in landbou toe, terwyl die afwagting geskep word vir NWK se volgende eeu in landbou.

Wat sê ander lesers van dié boek?

"Die waarde van NWK word baie goed in dié boek geïllustreer. Die 100-jaarboek is 'n goeie aanvulling tot die 75-jaargedenkboek, genaamd: 'Die mielie ontsluit die weste'," het Hennie Keyser, 'n produsent van Coligny, gesê. Bob Scott, 'n produsent van Jagersfontein, meen die boek is "'n waardevolle versamelaarsitem, propvol geskiedenis" en hy beveel dit vir enigiemand aan.

Kry 'n gratis 100-jaarboek

NWK gee 'n sekere hoeveelheid eeufeesboeke gratis aan sy klante en aandeelhouers weg. Al wat jy hoef te doen is om die skeurstrokie met jou naam, van, adres, lidnommer, telefoonnommer en antwoord te pos aan Lani Viljoen, Posbus 107, Lichtenburg, 2740 óf faks dit na (018) 633-1931.

Skryf nou in om teleurstelling te voorkom.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Adres: _____

_____

_____

Lidnommer: _____

Tel/Sel: _____

Vraag: **Wat is die naam van NWK se gedenkpublikasie?**

Antwoord: _____

_____

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Pieter Coetzer

Pieter Coetzer (bestuurder: Kleinhandel) hou daarvan om met mense te onderhandel en na nege jaar by NWK bly dit steeds iets wat hy geniet om te doen. Pieter het met *NWK Koördinaat* se redaksie gesels:

In 1992 het hy by Zeerust handelswinkel as assistentbestuurder begin werk, waarna hy na Skuinsdrift se handelswinkel oorgeplaas is. Hy het toe 'n draai by Hoofkantoor gemaak en as administrasiebestuurder by Handel begin werk. In 1998 is hy as bestuurder by Koster handelswinkel aangestel.

Sy pos behels dat al die 17 NWK LandMark-winkels, twee Econobuild's, OK Value, twee agentskappe en vier rybane aan hom rapporteer. "Al groot verskil met die omskakeling na die LandMark-winkels is dat daar nou 'n sekere standaard is wat die winkels moet handhaaf. Dié nuwe konsep beïnvloed glad nie die pryse van die produkte wat by dié winkels verkoop word nie," het Pieter verduidelik.

Dit wat hy die meeste van sy werk geniet, is die bevrediging wat hy daaruit kry.

Pieter Coetzer

"Die klante van NWK het nie 'n 'lojaliteitskaart' nodig om besigheid met ons te doen nie. Hulle weet NWK is hul plek en hulle het die vrymoedigheid om na die bestuurder van 'n LandMark-winkel te gaan en te sê wat hulle pla."

Een van die bewyse dat die LandMark-konsep werk, is die terugvoer wat hulle van klante kry. "Die verkoopsyfers van produkte wat nie produksiegedrewe is nie, soos tuinbou- en troeteldierreekse, het gestyg. Dit is 'n aanduiding dat die publiek meer besigheid met ons doen."

Pieter het vir hom in 2004 'n stukkie grond naby Koster gekoop. Hier boer hy met beeste in sy vrye tyd. Hy is getroud met Charmaine en hulle het twee kinders, Johan (16) en Chris (11).

NWK se personeelsake

Die volgende personeel is bevorder:

- Jannie van der Westhuizen, voorheen assistentbestuurder: Skuinsdrif, is bevorder tot bestuurder van dié winkel.
- Jan Venter, voorheen die assistentbestuurder: Mareetsane LandMark-winkel, is bevorder tot assistentbestuurder: Delareyville LandMark-winkel.
- Lourens Badenhorst, voorheen assistentbestuurder: Buhrmannsdrif, is bevorder tot assistentbestuurder: Handel Administrasie, Hoofkantoor.

Die volgende personeel het by NWK se span aangesluit:

- Benedict Modise het op 1 September vanjaar by Ontwikkelende Landbou as landboukundige begin werk.
- Ronnie Tshabalala is sedert 1 Augustus vanjaar by Ontwikkelende Landbou as landboukundige werksaam.
- Willem Otto is aangestel as hoof: Navorsing, Landboubestuursdienste en het op 1 Oktober híér begin werk.
- Kallie Kühn is aangestel as toesighouer: Instandhouding by Opti Chicks en het 11 Augustus vanjaar diens aanvaar.

1. ***Benedict Modise***
2. ***Ronnie Tshabalala***
3. ***Willem Otto***
4. ***Kallie Kühn***

Wen!

'n Gelukkige leser kan dié Hoover handstofsuier ter waarde van R620 wen. Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Wie is as Graan SA se Graanwetenskaplike van 2009 aangewys?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm in 'n toegeplakte koevert aan: Lani Viljoen, NWK Korporatiewe Bemarking, Posbus 107, Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks na (018) 633-1931 of e-pos *lviljoen@nwk.co.za.* Inskrywings moet haar voor of op 7 Desember bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan GFT Pistorius wat die jerrykan ter waarde van R500 in die September-kompetisie gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – **nie NWK personeel nie**.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers Lichtenburg behartig.

NWK KOÖRDINAAT

***NWK Koördinaat* is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE

Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Lani Viljoen (018) 633-1069 • Faks: (018) 633-1931 • *lviljoen@nwk.co.za*
Ruth Davies (018) 468-2716 • 083 583 5243 • *ruth@infoworks.biz*

UITGEWER

Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
Your ideas can fly

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.